# DIE SKIETLOOD

207e Uitgawe 21 Oktober 2022
saam met Koersvas 207

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind.**
**Verwerping van die dwalings.**

Die regsinnige leer is uiteengesit. Sekere dwalings moet nou aangespreek word.

**Teks *8.*** *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gebruik by die wedergeboorte van die mens nie daardie kragte van sy almag waardeur Hy die menslike wil kragtig en feilloos tot geloof en bekering ombuig nie. As al die genadewerkinge wat God gebruik om die mens te bekeer, voltooi is, kan die mens nogtans God en die Heilige Gees, wat sy wedergeboorte beoog en hom weergebore wil laat word, só weerstaan - en hy doen dit inderdaad ook dikwels - dat hy sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder. Dit bly dus in sy eie mag om weergebore te word of nie.*
*Die Sinode leer: Dit beteken niks anders nie as dat al die krag van die genade van God in ons bekering weggeneem en die werking van die almagtige God aan die wil van die mens onderwerp word. Dit is in stryd met wat die apostels leer: Ons glo na die werking van die krag van sy sterkte (Ef. 1:19), en: dat God alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof in ons met krag volkome maak (2 Tess 1:11), en: sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien (2 Pet 1:3). Qui docent, 'Deum in hominis regeneratione eas suæ omnipotentiæ vires non adhibere, quibus voluntatem ejus ad fidem et conversionem potenter et infallibiliter flectat; sed positis omnibus gratiæ operationibus, quibus Deus ad hominem convertendum utitur, hominem tamen Deo, et Spiritui regenerationem ejus intendenti, et regenerare ipsum volenti, ita posse resistere, et actu ipso sæpe resistere, ut sui regenerationem prorsus impediat, atque adeo in ipsius manere potestate, ut regeneretur vel non regeneretur.' Hoc enim nihil aliud est, quam tollere omnem efficaciam gratiæ Dei in nostri conversione, et actionem Dei omnipotentis subjicere voluntati hominis, idque contra Apostolos, qui docent, Nos credere pro efficacitate fortis roboris Dei. Ephes. i. 19. Et, Deum bonitatis suæ gratuitam benevolentiam et opus fidei potenter in nobis complere. 2 Thess. i. 11. Item, Divinam ipsius vim omnia nobis donasse, quæ ad vitam et pietatem pertinent. 2 Pet. i. 3.*

### Verklarende kommentaar

Die Dordtse leerreëls se derde en vierde hoofstukke handel oor die korrupsie van die mens, die bekering tot God en hoe dit plaasvind. Dit is teen hierdie agtergrond wat hierdie punte verstaan moet word. So is die dwaling van Arminius ook hier ter sprake. Een van die skanse wat deur hierdie dwaling opgestel word, is die gedagte dat die mens die genade van God kan weerstaan. Die sleutel tot verstaan van hierdie artikel, is die gedagte van die Here wat nie "feilloos" in Sy genade is nie.
Die punt van menslike weerstand word deur hierdie gedagte verskuif na die mens wat aan die einde van die proses van redding steeds daardie redding kan weerstaan. Die gedagte agter hierdie dwaling is eintlik dieselfde gedagte wat net op verskillende maniere verwoord word, naamlik; die mens is in beheer van sy saligheid. Iewers in die proses van redding gaan die mens beheer oorneem. Die probleem met hierdie gedagtegang is nie

dat menslike verantwoordelikheid beklemtoon word nie, maar dat God se vrye genade bevraagteken word.
Die Bybel se boodskap is anders as hierdie selfverheffing van die mens. Die leerstuk soos verwoord deur die Remonstrante, wil God se vrye wil en genade afspeel teen die mens se vrye wil en keuse. Dit impliseer dat daar nooit van honderd persent genade gepraat kan word nie. Eintlik beteken dit dat God se wil aan die mens ondergeskik gestel word. God is almagtig en sy genade is bokant ons begrip en beheer.

**Teks *9.*** *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genade en die vrye wil is gedeeltelike oorsake wat altwee saam die begin van die bekering bewerk. Die genade gaan in hierdie volgorde ook nie aan die werking van die wil vooraf nie. Dit wil sê: God help die menslike wil nie kragtig tot bekering voordat die menslike wil nie self in beweging kom en daarop besluit nie.*
*Die Sinode leer: Die ou kerk het hierdie leer al lankal by die Pelagiane veroordeel kragtens die woorde van die apostel: So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartigheid is (Rom. 9:16), net so ook: Wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? (1 Kor. 4:7), en: Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae (Fil. 2:13). Qui docent, 'Gratiam et liberum arbitrium esse causas partiales simul concurrentes ad conversionis initium; nec gratiam ordine causalitatis efficientiam voluntatis antecedere;' id est, 'Deum non prius hominis voluntatem efficaciter juvare ad conversionem, quam voluntas ipsa hominis se movet ac determinat.' Hoc enim dogma Ecclesia prisca in Pelagianis jam olim condemnavit, ex Apostolo Rom. ix. 16: Non est volentis nec currentis, sed Dei miserentis. Et, 1 Cor. iv. 7: Quis te discernit? Et, Quid habes quod non acceperis? Item, Phil. ii. 13: Deus est qui in vobis operatur ipsum velle et perficere pro suo beneplacito.*

**Verklarende kommentaar**
Die beste opsomming van die Remonstrante se dwaling kom in hierdie artikel na vore. Die mens en God werk saam om die mens se saligheid te bewerkstellig. Volgens hulle is dit 'n spanpoging waar ons nie effektief onderskeid kan tref tussen die werking van die partye nie.
Tog is daar 'n sterk geneigdheid om die mens se wil die voorrang te gee in hierdie dwaling. Indien die mens nie belangstel in bekering nie, kan niks gebeur nie. Die mens word met ander woorde outeur van sy eie saligheid. God staan gereed met die genade, maar die mens bly volgens hulle in beheer.
Pelagius is eeue voor die Remonstrasie die outeur van hierdie dwaling. Hy het geleer dat die mens kan kies om nie te sondig nie en om goed te doen. Die goed doen het dan die genade van God bemagtig om in daardie mens te werk. Die mens se vrye wil is altyd bygestaan deur die genade van God. Dit impliseer weereens 'n spanpoging tussen God en mens waar die mens kies en God dan inspring en die mens in genade help om die goeie te doen.
Hiermee die einde van hoofstukke 3&4 van die Dordtse leerreëls. Hoofstuk 5 is die volgende en laaste hoofstuk.